UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

| | |
|---|---|
| **TITEL VAN DOKUMENT:** | **Universiteit Stellenbosch ("US") prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat.** |
| **SOORT DOKUMENT:** | **Prosedure** |
| **DATUM GOEDGEKEUR:** | **SNEK: 24 Junie 2016; KLO: 24 Augustus 2016** |
| **GOEDGEKEUR DEUR:** | **Senaat Navorsingsetiekkomitee (SNEK) en Komitee vir Leer en Onderrig (KLO)** |
| **AANVANGSDATUM:** | **1 Desember 2016** |
| **HERSIENINGSPERIODE:** | **Jaarliks** |
| **PERSOON VERANTWOORDELIK VIR HERSIENINGS:** | **Navorsingsintegriteits-beampte** |
| **KANTOOR VERANTWOORDELIK VIR HIERDIE BELEID:** | **Afdeling Navorsingsontwikkeling** |
| **VERWANTE BELEIDE EN PROSEDURES** | • **US Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van akademiese integriteit)**<br>• **Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag aan die Universiteit Stellenbosch**<br>• **Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde**<br>• **Dissiplinêre kode vir personeel**<br>• **Dissiplinêre kode vir studente** |

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH PROSEDURE VIR DIE ONDERSOEK EN BESTUUR VAN BEWERINGS VAN PLAGIAAT

**Hierdie Prosedure beskryf hoe bewerings van plagiaat ondersoek en hanteer moet word in ooreenstemming met die *US Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van akademiese integriteit)*, hierna verwys na as "die Beleid".**

## 1. VOORWOORD

1.1 Die US is daartoe verbind om inklusief, innoverend en toekomsgerig te wees soos beskryf in die US se Institusionele Voorneme en Strategie: "…die Stellenbosch-ervaring lewer denkleiers op wat groter insig het in wêreldkwessies, hul kreatiewe vermoëns innoverend ontsluit om probleme op te los, en sinvol optree om die samelewing deur kennis te dien. Dít alles gebeur binne die konteks van die transformasie van die US om toekomsfiks en wêreldwyd mededingend te wees." Hierdie perspektief sluit by definisie enige akademiese aktiwiteit of navorsing by die US verrig, in.

1.2 Bewerings van plagiaat is 'n ernstige kwessie, daarom moet die ondersoek daarvan in ooreenstemming met die hoogste standaarde van integriteit, akkuraatheid en regverdigheid, geskied.

1.3 Hierdie Prosedure beskryf die gepaste stappe volgens die *Reglement Insake Dissiplinêre Optrede Teen Personeel* en die *Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch*, waar van toepassing.

1.4 Hierdie Prosedure moet verseker dat alle persone betrokke by die ondersoek van sulke aantygings te alle tye met die hoogste integriteit en sensitiwiteit optree.

## 2. TOEPASSING

Hierdie Prosedure fokus op:

2.1 Ondersoek en besluitneming, m.a.w. om eerstens te bepaal of plagiaat *prima facie* gepleeg is.

2.2 Dissiplinêre maatreëls, m.a.w. om te bepaal wat die nodige dissiplinêre stappe moet wees in gevalle waar die Respondent skuldig bevind word, in ooreenstemming met die US se toepaslike dissiplinêre kodes.

## 3. DEFINISIES

3.1 **Die terme "plagiaat", "selfplagiaat of tekshergebruik" en "akademiese aktiwiteit" word in 'die Beleid' gedefinieer.**

3.2 **"Klaer"** beteken enige persoon wat bewerings maak en/of bekendmakings oor plagiaat doen, met inbegrip van beskermde bekendmakings, teen 1 (een) of meer Respondente, soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Beskermde Bekendmakings, Wet 26 van 2000 ("die Wet").

3.3 **“Hierdie/die Prosedure”** beteken die prosedure beskryf in hierdie dokument.

3.4 **“Beskermde bekendmaking”** verwys na ’n bekendmaking deur ’n Klaer volgens artikel 9 van die Wet.

3.5 **“Respondent”** verwys na 'n persoon/persone teen wie bewerings of bekendmakings van plagiaat gemaak is, en sluit enige persoon betrokke by ’n akademiese aktiwiteit aan die US in en wat in een van die volgende kategorieë val:

3.5.1 voorgraadse student aan die US;
3.5.2 nagraadse student aan die US;
3.5.3 nadoktorale genoot aan die US;
3.5.4 besoekende student, ongeag sy/haar nasionaliteit;
3.5.5 werknemer van die US, hetsy tydelik of permanent in diens van die US;
3.5.6 'n persoon voormalig in enige van die kategorieë hierbo wie se tesis en/of akademiese artikels en/of ander geskrewe werk (welke dokumente opgestel is terwyl die persoon in die betrokke kategorieë aan die US was) onder die naam van die US gepubliseer is en onder die US se naam gepubliseer bly, hetsy plaaslik of internasionaal;
3.5.7 lid soos omskryf in die Beleid.

3.6 **“NIB”** beteken 'n Navorsingsintegriteits-beampte, welke persoon aangestel sal word en die magte en funksies sal hê soos uiteengesit in die US se *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde*.

## 4. BEGINSELS

Die volgende beginsels moet die grondslag vorm van 'n ondersoek na beweerde plagiaat:

4.1 **Billikheid**

4.1.1 Die Respondent het die reg om ingelig te word van die bewerings teen hom/haar en word as onskuldig beskou totdat 'n volledige ondersoek ingevolge sowel hierdie Prosedure as die dissiplinêre kodes vir personeel of studente, na gelang van omstandighede, andersins bewys.
4.1.2 Die Respondent het die reg om sy/haar saak te stel ingevolge die *audi alteram partem*-beginsel;
4.1.3 Die Respondent het 'n reg op 'n behoorlike en billike proses en moet toegelaat word om vrae te vra, inligting/bewyse ter verdediging

voor te lê, advies of ondersteuning van enigeen van sy/haar keuse in te win, en vrae te stel of punte te lig oor enige inligting wat deur enige getuie gegee is. (Indien die Respondent kies om deur 'n regsverteenwoordiger ondersteun te word, sal die saak outomaties na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys word).

4.2 **Vertroulikheid**

4.2.1 Alle fasette van die ondersoek moet vertroulik gehou word, d.w.s. slegs bekendgemaak word aan diegene wat direk betrokke is by die rapportering en ondersoek van die saak soos beskryf in 4.2.3.

4.2.2 Die Klaer se identiteit mag slegs aan die Respondent bekendgemaak word indien hy/sy skriftelik of mondelings tydens die ondersoekproses daartoe ingestem het. In gevalle waar die die Klaer die Respondent se dosent of studieleier is, sal sy/haar identiteit voor die hand liggend wees.

4.2.3 Die Respondent se identiteit mag nie bekendgemaak word voordat daar formeel bevind is dat hy/sy aan plagiaat skuldig is nie, tensy die Respondent skriftelik daartoe ingestem het, en met dien verstande dat die Respondent se identiteit aan alle toepaslike rolspelers in die ondersoekproses bekend gemaak word, met inbegrip van die Departementele Voorsitter, die Dekaan, die NIB, die Direkteur: Regsdienste, die Bestuurder: Studentedissipline, die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies en/of Leer en Onderrig) en persone formeel afgevaardig om sodanige kwessies te hanteer.

4.2.4 Indien die handhawing van volkome vertroulikheid van die Klaer/Respondent se identiteit deur die hele proses nie redelikerwys moontlik is nie, moet die Klaer skriftelik hiervan in kennis gestel word as en wanneer so 'n fase in die ondersoekproses bereik word.

4.3 **Eerlikheid en integriteit**

4.3.1 Enigeen wat gevra word om aan hierdie proses deel te neem, moet te alle tye met eerlikheid, onpartydigheid en objektiwiteit optree.

4.3.2 Enige belange van enige party wat by hierdie proses betrokke is wat as 'n potensiële botsing van belange of botsing van verbintenis beskou kan word, moet onmiddellik verklaar word.

4.4. **Voorkoming van vooroordeel**

Alle partye wat by die ondersoek betrokke is, moet sorg dra om die volgende te beskerm:

4.4.1 Die Respondent(e) teen ligsinnige, kwelsugtige of kwaadwillige bewerings van plagiaat;

4.4.2 Die reputasie van die Respondent(e) tydens die ondersoekproses en veral as die bewerings nie bevestig word nie;

4.4.3 Die posisie en reputasie van Klaers wat bewerings te goeder trou maak, met ander woorde op die grondslag van *prima facie* ondersteunende bewyse dat plagiaat wel gepleeg is.

## 5. PROSEDURE

Bewerings van plagiaat kan in beide die 'Leer en Onderrig' en 'Navorsing' kontekste voorkom en kan teen 'n breë groep individue gemaak word, van eerstejaar studente tot senior akademiese personeel. Die ondersoek en hantering van bewerings van plagiaat kan verskillend benader word, afhangend van die akademiese status, kennis en ervaring van die Respondent, soos uiteengesit in die Beleid.

Indien die bewering teen 'n akademiese personeellid, navorser of navorsingsgroep gemaak word, moet die *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde* by voorkeur geraadpleeg word, tensy anders gemotiveer. In sodanige konteks mag plagiaat aandui op ander oortreding(s) soos vervalsing of fabrikasie van data. Die ondersoekproses moet hierdie moontlikheid in aanmerking neem. Bogenoemde prosedure behels 'n formele portuur-ondersoek op sentrale vlak, wat deur die NIB gefasiliteer word.

5.1 **Studente**

5.1.1 Die bestuurder verantwoordelik vir Studente Dissipline kan advies gee oor die toepassing van hierdie Prosedure m.b.t. spesifieke gevalle en kan geraadpleeg woord voor 'n klagte gelê word.

5.1.2 Minder ernstige gevalle[1], soos bepaal volgens die faktore beskryf in die Beleid, word waar van toepassing, op departementele of fakulteitsvlak hanteer volgens interne fakulteitsprosesse wat deur die Dekaan of Fakulteitsraad goedgekeur moet word en op skrif gestel word vir rapporteringsdoeleindes. Hierdie prosesse moet billik wees en in ooreenstemming met die ontwikkelings- en remediërende aanslag beskryf in die Beleid, en moet ideaal gesproke 'n geleentheid bied vir bespreking met die student voordat die saak gefinaliseer en daar op 'n uitkoms besluit word.[2]

---

[1] Minder ernstige gevalle kan insluit eerste oortreders, meer junior studente, beperkte omvang van plagiaat en nalatigheid eerder as blatante intensie (opsetlik).

[2] Die Regsfakulteit se proses behels byvoorbeeld dat die student ingelig word van die bewering en instem om 'n vergadering met die dosent en Departementele Voorsitter by te woon (of kies om sy/haar saak te laat verwys na die Sentrale Dissiplinêre Komitee). By hierdie vergadering word die student se standpunt oorweeg. Die student verlaat dan die vergadering en 'n finale besluit word geneem, insluitend 'n bepaling van remediërende aksie. Daar word dan 'n brief aan die student gestuur wat hy/sy versoek word om te onderteken ter instemming tot die bevinding en voortspruitende gevolge.

5.1.3 Meer ernstige gevalle[3], soos bepaal volgens die faktore beskryf in die Beleid, moet deur die Fakulteit na Studente Dissipline (Regsdienste) verwys word vir ondersoek in terme van die Dissiplinêre Kode vir Studente, tensy daar besluit word om die *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde* te volg in stede van hierdie Prosedure.

5.1.4 Alle gevalle van beweerde plagiaat wat *prima facie* meer ernstig blyk, moet in die vorm van 'n skriftelike klagte ingedien word wat aan die Dekaan van die Fakulteit of sy/haar afgevaardigde (bv. die Departementele Voorsitter of genomineerde 'Plagiaat Adviseur(s)') geadresseer is.

5.1.5 In sulke gevalle is die Klaer nie betrokke by die ondersoek in die kapasiteit van ondersoeker of besluitnemer nie, selfs indien die Klaer die student se tutor, dosent of promotor is. Die Klaer sal wel versoek word om ondersteunende bewyse van die bewerings te verskaf deur die persone wat verantwoordelik is vir die ondersoek na die beweerde plagiaat.

5.1.6 Die Dekaan van die Fakulteit of sy/haar afgevaardigde moet toesien dat die student skriftelik (bv. via epos) van die bewering in kennis gestel word, verkieslik binne 'n week na ontvangs van die bewering.

5.1.7 Die Dekaan van die Fakulteit of sy/haar afgevaardigde sal gewoonlik een of twee addisionele persone aanstel om die bewering te ondersoek.

5.1.8 Die persone in 5.1.7 genoem sal bepaal 1) of 'n bevinding van plagiaat bekragtig kan word en 2) wat die erns van die plagiaat is, in ooreenstemming met die faktore gemeld in afdeling 7 van die Beleid.

5.1.9 Fakulteite en hul Departemente moet verseker dat gevalle van plagiaat konsekwent hanteer word binne elke gebied. Departemente moet boekhou van alle gevalle waar 'n skriftelike bewering van plagiaat gemaak is en op departementele vlak hanteer is. Die bevinding van elke geval asook die aksie(s) wat daarop gevolg het, moet gedokumenteer word en op rekord gehou word binne die spesifieke Departement. Om te verseker dat herhaalde oortreders geïdentifiseer word, moet 'n kort verslag

[3] Meer ernstige gevalle kan insluit herhaalde oortreders, breedvoerige bewys van plagiaat in 'n belangrike stuk werk soos 'n tesis, nagraadse studente (veral Meesters of Doktorale studente), akademiese personeel, bewys van growwe nalatigheid of blatante intensie (opsetlik), ens.

van alle gevalle aan die einde van elke semester aan die Afdeling Regsdienste gestuur word. Departementele voorsitters of die persone genoem in 5.1.7 mag spesifieke informasie vir 'n departementele ondersoek van die Afdeling Regsdienste aanvra (waar nodig). Die dekaan of sy/haar afgevaardigde moet van tyd tot tyd die hantering van gevalle op departementele vlak hersien om veranderings in prosedures op fakulteitsvlak teweeg te bring wanneer en indien nodig, om konsekwentheid te verseker, en die Beleideienaar in kennis te stel van kwessies of neigings wat aandag op universiteitsvlak vereis.

5.1.10 In 'n geval waar die SDK bevind dat 'n saak wat na hulle en Afdeling Regsdienste verwys is, eintlik toepaslik op departementele en fakulteitsvlak hanteer kon word, behou die SDK jurisdiksie en kan, op eie diskresie, die saak terugverwys na die Departement/Fakulteit, of die saak afhandel en die finale uitslag bepaal.

5.1.11 In alle gevalle waar 'n bevinding van plagiaat teen 'n student gemaak word, behoort voorligting en remediërende opleiding, in ooreenstemming met bogenoemde fakulteitsprosesse, aangebied en gedokumenteer te word. Hierdie stappe mag egter onvanpas wees in die geval van akademiese personeel.

5.1.12 Studente kan in sommige gevalle van self-plagiaat beskuldig word, soos byvoorbeeld indien 'n groot stuk werk wat vir 'n Honneursgraad ingedien is ook in 'n tesis vir 'n Meestersgraad ingesluit word sonder 'n aanduiding hiervan. Onder sekere omstandighede kan 'n student egter met reg baie soortgelyke stukke werk indien vir assessering, byvoorbeeld wanneer dieselfde vraag in beide 'n werkstuk en 'n daaropvolgende eksamen verskyn. Dosente moet elke geval volgens meriete beoordeel voordat 'n aantyging van self-plagiaat gemaak word.

## 5.2 Spesiale gevalle

5.2.1 <u>Tesis of verhandeling deur publikasie.</u> Indien 'n student 'n tesis of verhandeling onderneem deur publikasie of werk van sy/haar navorsing publiseer op enige stadium tydens die uitvoer van die navorsing en die verwerwing van 'n graad, sal bewerings van selfplagiaat of tekshergebruik normaalweg onvanpas wees. Programmatuur word nou algemeen deur joernale en eksaminators gebruik wat tekste vergelyk om plagiaat te bespeur. Om dus bewerings van selfplagiaat te vermy moet daar deursigtigheid en voldoende bronverwysings wees, bv. deur 'n dekbrief aan die joernaalredakteur of 'n voetnota in die teks.

5.2.2 Eksaminering van tesis. Wanneer 'n bewering van plagiaat deur die eksaminator van 'n nagraadse navorsingsopdrag of tesis gemaak word, moet die eksamineringsproses dadelik gestaak word totdat die ondersoek, soos hierbo beskryf, voltooi is. Eksaminators of moderators wat plagiaat vermoed in 'n werkstuk wat ingehandig is, moet dadelik die Departementele Voorsitter van hulle vermoedens inlig. Die bewering moet skriftelik by die Departementele Voorsitter ingedien word tesame met ondersteunende bewyse soos 'n indikasie van die bron waaruit die plagiaat spruit of 'n Turnitin (of soortgelyke) verslag. Sodanige ondersoek moet met dringendheid afgehandel word, verkieslik binne een maand na die rapportering daarvan (tensy meer tyd duidelik geregverdig is). Alle eksaminators moet dadelik van die bewerings en hangende ondersoek in kennis gestel word. Indien die bewering nie bevestig kan word nie, kan die eksamineringsproses voortgaan. Skriftelike motivering vir die besluit moet aan alle eksaminators verskaf word. Indien die bewering bevestig word, moet die ondersoek en dissiplinêre proses (waar van toepassing) eers volkome afgehandel wees voor 'n besluit oor die uitkoms van die tesis gemaak word.

5.2.3 Tydens of na graduering. Wanneer 'n student die evalueringsproses geslaag het, word sy/haar tesis normaalweg op SUNScholar gelaai en is dan in die publieke domein. Indien bewerings van plagiaat op hierdie stadium gemaak word (soms deur eksterne partye) mag 'n spesiale prosedure moontlik gevolg word in die ondersoek van sodanige bewerings aangesien die gegradueerde student moontlik nie meer 'n student onderworpe aan die universiteit se dissiplinêre prosesse is nie. Die studieleier word dikwels betrek by sodanige bewerings, al is dit bloot deur assosiasie, en daarom is die risiko's m.b.t. reputasie en die potensiële negatiewe gevolge vir individue en die Universiteit, aansienlik. Die *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde* moet verkieslik in sodanige gevalle toegepas word en 'n skriftelike klagte moet by die Navorsingsintegriteits-beampte (NIB) ingedien word.

### 5.3 Personeel en ander lede (nie US studente nie)

Die proses vir die ontvangs en ondersoek van bewerings van plagiaat teen personeel- en ander lede moet op min of meer dieselfde manier hanteer word as bewerings teen studente.

5.3.1 Sodanige bewerings moet aanvanklik deur 'n fakulteits- eerder as 'n departementele proses hanteer word om vertroulikheid en

beskerming teen benadeling van die Respondent te verseker, sou die bewering nie bevestig word nie. In sulke gevalle moet 'n skriftelike klagte by die Dekaan van die Fakulteit of 'n persoon genomineer om sodanige klagtes te ontvang, ingedien word.

5.3.2 Die Respondent moet skriftelik van die bewering in kennis gestel word, verkieslik binne 'n week na ontvangs van die bewering.

5.3.3 Die Dekaan of genomineerde afgevaardigde moet 'n ad-hoc komitee van twee of drie persone aanstel om die bewering te ondersoek. Hulle moet saam bepaal 1) of 'n bevinding van plagiaat bekragtig kan word en 2) wat die erns van die plagiaat is, in ooreenstemming met die faktore beskryf in die Beleid.

5.3.4 Minder ernstige gevalle, soos bepaal ooreenkomstig die faktore beskryf in die Beleid, kan op departementele vlak hanteer word volgens fakulteitsprosesse. Wanneer akademiese personeel, insluitend nadoktorale genote, betrokke is by bewerings van plagiaat, is die US se ontwikkelings- en remediërende benadering vir studente egter nie meer van toepassing nie. Dit is daarom waarskynlik dat die meeste sodanige gevalle as 'meer ernstig' eerder as 'minder ernstig' beskou sal word.

5.3.5 Meer ernstige gevalle, soos bepaal ooreenkomstig die faktore uiteengesit in die Beleid, moet op 'n sentrale eerder as fakulteitsvlak hanteer word. Twee moontlike roetes kan gevolg word:

5.3.5.1 Die saak sal gewoonlik deur Afdeling Menslike Hulpbronne hanteer word volgens die Dissiplinêre Kode vir Personeel, nadat die voorlopige fakulteitsondersoek afgehandel is en 'n voorlopige bevinding gemaak is.

5.3.5.2. 'n Formele klagte kan by die NIB gelê word wat dan die saak aan die hand van die *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde*, sal ondersoek. Hierdie roete word verkies in 'n navorsingskonteks, of wanneer daar 'n moontlikheid is dat ander vorme van oortreding tegelykertyd plaasgevind het, soos vervalsing of fabrikasie van data.

## 6. TYDPERKE

6.1 Departemente en fakulteite moet poog om hul ondersoeke so spoedig moontlik af te handel, verkieslik binne twee weke vir ondersoeke wat studente insluit en een maand vir ondersoeke wat personeel insluit. Sentrale dissiplinêre prosesse behoort afgehandel te word binne die tydperke beskryf in hierdie Prosedure, maar verkieslik binne 'n maksimum van twee maande.

6.2 Die tydperke waarna in hierdie Prosedure verwys word, mag deur die betrokke Viserektor of sy/haar afgevaardigde of die Direkteur: Regsdienste, verleng word indien hy/sy van mening is dat daar geldige redes is vir sodanige verlenging. Indien daar nie aan die tydperke voldoen word nie, moet bogenoemde persone 'n skriftelike motivering aan die Klaer en/of Respondent en/of enige ander relevante betrokke partye stuur. Die Respondent kan geen aanspraak maak teen Afdeling Regsdienste of enige ander rolspeler nie, sou die tydperke uiteengesit in hierdie Prosedure nie nagekom word nie.

**7. REKORDHOUDING**

7.1 Alle dokumente of digitale opnames wat verband hou met 'n ondersoek na 'n meer ernstige geval van plagiaat, moet by Afdeling Regsdienste bewaar word om verder hanteer te word soos vereis. Die Respondent mag kopieë van die dokumente en/of opnames aanvra teen sy/haar eie onkoste.

7.2 Hierdie dokumente en/of opnames moet vir 'n tydperk van ten minste vyf (5) jaar bewaar word na die aankondiging van die finale besluit deur die Departement, Fakulteit of relevante Dissiplinêre Komitee gemaak is. Die dokumente is vertroulik en sal nie aan enige partye beskikbaar gestel word tensy 'n skriftelike versoek vir die vrystelling daarvan deur die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies of die Viserektor: Leer en Onderrig, goedgekeur is nie.

7.3 Fakulteite moet hul eie prosesse ontwikkel vir die rekordhouding van gevalle van plagiaat wat op departementele of fakulteitsvlak hanteer is. Hierdie rekords moet verkieslik deur die kantoor van die Dekaan bewaar word en moet die volgende insluit[4]:

7.3.1 Die skriftelike klag

7.3.2 Die bevindinge van die ad-hoc ondersoekproses, met motivering vir die besluite wat geneem is

7.3.3 Remediërende aksies wat geneem is.

7.4 Fakulteite moet aan die einde van elke semester 'n kort verslag of lys van alle afgehandelde sake aan Afdeling Regsdienste (Studente Dissipline) te stuur. Die Afdeling Regsdienste (Studente Dissipline) sal ten minste jaarliks aan die Beleideienaar verslag doen op grond van die verslae ontvang volgens hierdie paragraaf 7.4 en die sake verwys volgens paragraaf 7.1 om kwessies aangaande plagiaat, insluitend spesifieke gevalle, neigings, ens te berde te bring.

[4] Fakulteite of Departemente mag kies om hul eie kort templaat te ontwikkel om hierdie proses te vergemaklik.

## 8. APPèL EN/OF EVALUERING

Appèlprosedures word in die toepaslike Dissiplinêre Kodes beskryf.